



***DIE HOOGSTE HOF VAN APPÈL
VAN SUID-AFRIKA***

rapporteurbaar

Saak nr: 22/2002

In die saak tussen:

DIE STAAT

Appellant

en

ISAK HERMANUS BEZUIDENHOUT

Respondent

Coram: Harms, Schutz en Streicher, ARR

Verhoor: 17 September 2002

Gelewer: 27 September 2002

Regstelling: 28 November 2002

Straf – Onbeëdigde getuienis ontoelaatbaar bevind – Bevoegdheid van hoë hof ingevolge art 25 van Wet 105 van 1997 om gebrek reg te stel.

UITSpraak

STREICHER AR/

STREICHER AR:

[1] Uitspraak in hierdie saak is gelewer op 27 September 2002. Dit blyk nou dat par 1 van die bevel wat gemaak is moontlik dubbelsinnig is en moontlik vatbaar is vir `n uitleg in stryd met die res van die uitspraak. Ten einde enige verwarring te voorkom en ten einde effek aan die bedoeling van die hof te gee behoort die paragraaf soos volg reggestel te word:

‘Die eerste gestelde regspraak word soos volg beantwoord:

Die afwesigheid van 'n bevinding, uitdruklik of stilswyend, deur 'n verhoorhof dat 'n getuie weens onkunde voorspruitend uit jeugdigheid, gebrekkige opvoeding of ander oorsaak, nie die aard en betekenis van die eed of die bevestiging begryp nie, het noodwendig die effek dat die getuie wat daarna, nadat die getuie gewaarsku is om die waarheid te praat, nie as getuie beskou kan word nie maar nie dat dit by beoordeling van die meriete van die saak ingevolge art 52(3) van die Strafwetwysigingswet 105 van 1997 geheel en al buite rekening gelaat moet word nie. Die afwesigheid van `n ondersoek om te bepaal of dit die geval is het egter nie noodwendig daardie effek nie.’

[2] Die partye het nie enige beswaar teen die regstelling geopper nie.

[3] Die volgende bevel word gevolglik gemaak:

Paragraaf 1 van die bevel gemaak op 27 September 2002 word vervang met die volgende bevel:

1 ‘Die eerste gestelde regspraak word soos volg beantwoord:

Die afwesigheid van 'n bevinding, uitdruklik of stilswyend, deur 'n verhoorhof dat 'n getuie weens onkunde voorspruitend uit jeugdigheid, gebrekkige opvoeding of ander oorsaak, nie die aard en betekenis van die eed of die bevestiging begryp nie, het noodwendig die effek dat die getuienis wat daarna, nadat die getuie gewaarsku is om die waarheid te praat, nie as getuienis beskou kan word nie maar nie dat dit by beoordeling van die meriete van die saak ingevolge art 52(3) van die Strafwetwysigingswet 105 van 1997 geheel en al buite rekening gelaat moet word nie. Die

afwesigheid van 'n ondersoek om te bepaal of dit die geval is

het egter nie noodwendig daardie effek nie.'

P E STREICHER

Appèlregter

Harms AR)

Schutz AR) stem saam